Studiestuk van die GK Pretoria-Rooiwal oor omkeerstrategie en kerkeenheid

Ter wille van die GK Pretoria-Rooiwal self en ons kerkverband

Opgestel deur

Dr AH Bogaards

23 Julie 2013

Inhoud

Inleiding 3

A. Omkeerstrategie 3

1.Sinode 2012 3

2. Rooiwal se oplossing: die Woord alleen 4

2.1 Die weg en oplossing van die Woord en ons belydenis 4

2.1.1 Só het die kerk in Handelinge gegroei. 4

2.1.2 Dieselfde weg in al die ander Bybelboeke geleer 5

2.1.3 Ook die weg van ons belydenis: die belydenis **van** en **oor** die kerk 5

2.2. Gebed en Woordverkondiging moet bo-aan staan 6

2.3 Huisgodsdiens 7

2.4 Christus-prediking 7

2.5. Kategismusprediking. Die vergete artikel. Die onbekende boekie? 8

2.6 Uitdra van die Woord die taak van álmal in die kerk: ampsdraers en lidmate 8

2.7 Uitleef in Woord en voorbeeld 9

2.8 Toerusting 10

B. Eenheid 10

Inleiding

Elke gemeente en kerkraad het ook self 'n verantwoordelikheid om oor die omkeerstrategie en kerkeenheid na te dink en die Skrifte en belydenis te ondersoek.

Daarom het die kerkraad van die GK Pretoria-Rooiwal besluit om hierdie studiestuk op te stel.

Die kerkraad wou dit op so ‘n manier doen

1. dat ons in die **eerste plek** vra wat die GK Pretoria-Rooiwal sélf moet doen en
2. dat ons **tweedens** ‘n lig sal wees vir ander gemeentes in die kerkverband deur hierdie gedagtes in woord én voorbeeld deur te gee aan ander lidmate en gemeentes in die GKSA

Beide – die eie gemeente en die kerkverband – is in die lig van die Skrif natuurlik ewe belangrik. Ter wille van ons eie gemeente en die kerkverband is die studiestuk so volledig moontlik gedoen.

A. Omkeerstrategie

1.Sinode 2012

1.1 Op Sinode 2012 het daar ‘n **beskrywingspunt van die GK Frankfort** gedien, waarin kommer uitgespreek is oor:

- ***krimpende gemeentes; dalende kindergetalle en gebrekkige uitleef na buite (evangelisasie, sending).***

Daarom het die sinode besluit om deputate aan te wys, wat moet kyk hoe daar verandering (omkeer) kan kom.

1.2 'n Beter woord in plaas ***omkeer*** is ***bekering.***

Baie spesifiek gaan dit om bekering tot Christus.

Bekering kan immers nooit iets anders wees nie, want aan die kruis kry ons die afsterf van die ou mens en saam met Christus staan die nuwe mens op. Dáár begin die nuwe, egte lewe dus in die kerk.

1.3 Die deputate saam met GK Rietvallei het ‘n sekere **dr H Rheeder** na SA laat kom om oor kerkgroei te praat.

Rheeder se oplossing was absoluut Bybels (gebaseer op Handeling): **Back to the basics**.

Met **back to the basics** het hy **bedoel**:

1. gebed en
2. prediking (en spesifiek Christus-prediking).

Ja, dit is ***so basic, so basies***. Ons weet dit alles so duidelik uit die Skrif een ons mooi belydenis.

1.4 Die sinode en deputate het nog net "gediagnoseer", maar nog nie 'n oplossing gegee nie. Daaroor sal hulle rapporteer op die volgende sinode.

Die bydraes en insette van kerkrade gemeentes is vir die sinodedeputate baie belangrik. Daarom ook hierdie studiestuk.

2. Rooiwal se oplossing: die Woord alleen

Voorop moet gestel word:

- Die **Woord** is die **enigste oplossing**.
- **Christus** is ons **enigste troos**

Nét Hy alleen verlos ons van die **skuld** en van die **mag** van die sonde en **net deur sy verlossingswerk maak Hy ons van harte gewillig en bereid om vir Hom te lee**f - so stel HK Sondag 1 dit in alle duidelik.

Vertaal in die idioom van hierdie studiestuk: Christus maak ons van harte gewillig en bereid om lewende lidmate vir Hom en mekaar te wees – na binne en na buite.

Daar is volgens ons belydenis geen ander manier om lewe in die kerk te kry nie.

Daarom gaan ons na sy Woord toe en ons bid ons tot Hom.

Hierdie gedagtes sal in die volgende punte breër uitgewerk word.

2.1 Die weg en oplossing van die Woord en ons belydenis

Ons sal dr Harry Rheeder se siening ernstig ter harte moet neem: **gebed en Christus-prediking**.

Skrif en belydenis – die enigste Weg – kom daarin aan die woord.

2.1.1 Só het die kerk in Handelinge gegroei.

1. In Handelinge 1:14 hoor ons die kerk **bid.**

2. In antwoord (**verhoring**) op die gebed word **die Heilige Gees uitgestort.**
3. Die eerste wat dan deur die Gees van **die handelende Christus** gebeur, is dat Petrus opstaan en **preek**.
4. Petrus se preek in Handelinge is **voluit Christus-prediking**
5. Uit Handelinge 2:5-14 is dit baie duidelik dat die preek van Petrus **gerig** is **tot die kerk, verbondskinders** van daardie tyd: ***En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is***. Húlle het saamgestroom. En dan spreek Petrus hulle duidelik aan in vers 14: ***Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde***. Dit gaan dus nie oor heidene nie. Dit is ook die standpunt van Calvyn en alle behoudende kommentare (sien verder Romeine 1:16 en 9:4).
6. Maar in Handelinge sien ons die Woord van en oor Christus in gehoorsaamheid aan Matteus 28 verder gaan **ook na die heidene** (o.a Cornelius).

2.1.2 Dieselfde weg in al die ander Bybelboeke geleer

By die boek Handelinge kan elke ander Bybelboek betrek word.

Kyk byvoorbeeld na **Efesiërs**:

Efesiërs is **die groot kerkbrief**.

Die tema is: **die kerk as liggaam van Christus, die Hoof**.

1. Deel 1 (Ef 1-3) bevat **gebede** en die **verlossingswerk** van Christus en
2. Deel 2 (vanaf Ef 4:1) bevat die gawe van die **Heilige Gees** (nie los van Christus nie) en die **eise** (nie los van Christus nie).
3. Ons moet skerp raaksien: deel 2 is gewortel in deel 2 en in deel 2 word steeds weer na Christus gegryp. Deel 2 is die boom van Psalm 1 en deel 1 is die waterstrome van daardie Psalm,waardeur die boom vrugte dra.

*2.1.3 Ook die weg van ons belydenis: die belydenis **van** en **oor** die kerk*

Die Heidelbergse Kategismus (HK) gee dieselfde oplossing in naspreke van die Woord

Ook by die HK gaan dit oor:

1. deur Woord (Christus) en Gees
2. en gebed

Lees maar met aandag hierdie 2 leersame Sondae:

- **Sondag 21 handel oor die kerk-werk van die Seun van God:**

Vr. 54. Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike Kerk?

Antw. Dat ***die Seun van God*** – voorop en Hy alleen, opvallend - vir Hom ***'n gemeente ... deur sy Gees en Woord ... vergader, beskerm en onderhou***.

- **Sondag 48 behandel die kerk se gebed om die werk van die Seun van God.**

Vr. 123 Wat is die tweede bede?

Antw. Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur ***u Woord en u Gees*** dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; ***bewaar en vermeerder u kerk*** ….

Vraag 123 is niks anders as **'n gebed** om die werk van Christus, om die vervulling van sy kerkvergaderende, -vermeerderende en onderhoudende werk nie. In vraag 123 bid die kerk om die vervulling van vraag 54, die kerkwerk van die Seun deur Gees en Woord.

Gebed is 'n toonbeeld van hulpbehoewendheid, 'n belewing van jou totale afhanklikheid van die Een tot Wie jy bid.

Ons weet:

- die kerk sal net omkeer as Hy dit omkeer;
- en Hy keer dit om deur Gees en Woord en
- in antwoord (verhoring) op die gebed van sy kerk.

2.2. Gebed en Woordverkondiging moet bo-aan staan

Uit Skrif en belydenis is dit duidelik dat gebed en Woordverkondiging bo-aan en in die middelpunt moet staan in Rooiwal.

Daarby moet 'n mens dink aan Woordverkondiging in 3 vorms:

1. Preek (insluitende Kategismuspreke)
2. Katkisasie
3. Huisbesoek

Immers, net die Woord kan groei gee:

1. **groei na binne**, groei onder lidmate, en
2. **groei na buite**, 'n drang om die Evangelie na buite uit te dra aan afvalliges en heidene in gehoorsaamheid aan Christus se opdrag in Matteus 28.

2.3 Huisgodsdiens

Dit is seker die grootste probleem in die kerk vandag.

Daar word nie meer huisgodsdiens gehou nie.

Dit veroorsaak ‘n gebrek aan kennis by lidmate en ook ampsdraers.

2.4 Christus-prediking

2.4.1 **Christus in al sy volheid** moet hier en in elke gemeente gepreek word.

Hy verlos ons:

- van sondeskuld ***én***
- sondemag

Juis hier lê egter die grootste probleem:

1. ’n gebrekkige, oppervlakkige kennis van dit wat Christus gedoen het en nog doen;
2. ons het baie kennis van wat verkeerd is en veral by ander, maar Christus en sy werk (die hart van die evangelie) verdwyn of vervaag in die agtergrond;
3. ons het so gekonsentreer op sake soos kelkies, vrou in die amp, ensovoorts, dat die hart van die evangelie bitter min aandag gekry het;
4. weet ons nog werklik dat ons dankbaarheid (wetsonderhouding) net mootlik is as Christus ons deur sy kruis en opstanding nuutmaak? Dit is ‘n ernstige leemte in preke vandag.

2.4.2 Die min aandag vir die werk van Christus hang saam met **‘n gebrekkige sondeleer en sondekennis ook by onsself**:

1. Daarmee word nie net ons sondes bedoel nie, maar ook
2. ons sondige natuur, ons onbekwaamheid om uit onsself iets goeds te kan doen

Daar het ’n paar dekades gelede ’n baie mooi boek verskyn: **The Cross in the New Testament** van **Leon Morris**. Morris toon uit die Skrif aan hoe die **kruis** in elke Bybelboek **teen die donker agtergrond van ons sonde en doemwaardigheid** staan. Ons sonde en doemwaardigheid – nie net die van heidene nie, maar ook kerkmense.

2.4.3 Hoe meer jy bewus is van jou eie sondes en sondigheid en onmag, hoe meer leer jy die waarde en noodsaak van die werk van Christus waardeer en beter verstaan en bestudeer en daarom bid.

2.4.4 Calvyn sê êrens: Daar net een verskil tussen ons en heidene is: die woordjie genade.

2.4.5 Ons moet nooit dink dat ons hierdie dinge weet en nie meer hoef te hoor nie:

- Die feit is: Die Here Self herhaal en herhaal hierdie heilswerk van Christus, omdat **ons** sulke **vergeetagtige hoorders** is. Steeds sien ons in die Bybel hoe ook Bybel-heiliges soos Abraham, Dawid, Petrus en ander dit vergeet.
- Nooit kom ons op die punt dat ons nou alles weet nie.
- Altyd bly dit die grond en fondament van elke preek.
- Ook vir ons geld die woord: die evangelie is nie na die smaak van die mens nie (Gal.1:11).

2.5. Kategismusprediking. Die vergete artikel. Die onbekende boekie?

Artikel 68 bepaal dat ons elke Sondag die Kategismus moet preek.

Waar daar weer die regte verstaan van en liefde vir die Kategismus is, die klein boekie, daar kom ’n verdieping in ons leer aangaande Christus en hoe sy verlossing onlosmaaklik verbonde is aan sondekennis en dankbaarheid.

Dié Een wat ons saambind en wat die kerk skep en vernuwe en bewaar – ons leer Hom en sy kerkwerk op so ’n diep manier ken in ons mooi belydenis.

2.6 Uitdra van die Woord die taak van álmal in die kerk: ampsdraers en lidmate

2.6.1 Die woordjie **almal** moet hier voorop geplaas word.

2.6.2 Die opdrag van Matteus 28:19 word vir die ***héle*** kerk gegee: ***Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.***

Ons kan hierdie Woord **nie beperk tot ampsdraers** (die kerkraad of net die dominees) nie.

2.6.3 Dit word ook duidelik gesê in die **bevestigingsformulier vir predikante**:

Dit is ook u (die dominee se) roeping om aan die wereld die evangelie te verkondig (Matteus 28:19) en om die gelowiges op te wek om die Naam van die Here Jesus voor die mense te bely. U moet ook die afgedwaaldes opsoek om hulle in die gemeenskap van die kerk terug te bring (Lukas 15:1-10):

- hier is o.a. die internetbediening belangrike en 'n antwoord op die dominee se roeping
- maar ook almal het ‘n verantwoordelikheid om die Woord uit te dra in Woord en voorbeeld

2.6.4 Verder word **ook vir die ouderlinge** in hulle **bevestigingsformulier** gesê:

U moet ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk.

2.7 Uitleef in Woord en voorbeeld

2.7.1. Dit is **vir die kerkraad van Rooiwal 'n baie belangrike punt** dat ons as kerkraad die lidmate - en die kerkraadslede mekaar - met Woord en voorbeeld **ernstig** moet **opskerp** tot **uitleef van ons geloof in gedagtes, woorde en dade**.

2.7.2 Veral die volgende het ter sprake gekom:

1. bywoon van Woordverkondiging;
2. hou van huisgodsdiens;
3. gemeenskap van die heiliges (onderlinge liefde, vermaning, gebed vir mekaar, belangstelling in mekaar, daadwerklik bemoeienis maak met mekaar, bywoon van funksies en teedrink by die kerk);
4. die uitdra van die Woord na binne én na buite;
5. werklike erns maak met die wet/dankbaarheid deur die krag van Christus se verlossing van die heerskappy van sonde en duiwel;
6. kennis van en erns maak van die belydenis; en
7. kennis van en erns maak van kerkorde.

2.7.3 **Maar weer moet ons baie goed onthou:**

- ***Dit kan net gebeur deur en danksy*** die voortdurend leef uit die verlossingswerk van ***Christus***. Dit is die basis, die basics.
- Die Heilige Gees bring lewe (gehoorsaamheid) net ***deur die Woord*** en deur die Woord alleen en met die Woord word Christus en sy totale verlossing bedoel.
- Kyk maar hoe begin ons HK die deel oor die dankbaarheid met die werk van Christus en hoe wortel ons belydenis die dankbaarheid in die werk van Christus: Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen? Antwoord: **Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe** SODAT (agv sy werk) ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word.

2.5.5 Dit is vir die kerkraad **'n belangrike punt** dat ons elkeen persoonlik en as gemeente van Rooiwal **'n lig vir die kerkverband** moet wees:

- in woord en
- voorbeeld

Dit is ook heeltemal tereg. Immers, ons Twaalf Arikels en Kategismus bedoel met die gemeenskap van die heiliges nie net die plaaslike kerk nie, maar die heilige, algemene Christelike kerk. Daar staan immers: Ek glo aan die heilige, algemene Christelike kerk, (komma, nie kommapunt nie; ons kan die komma ook vervang met ‘n is-gelyk-aan-teken) die gemeenskap van die heiliges. Deur dit so te stel, wil die belydenis sê dat die gemeenskap van die heiliges bedoel die kerk van alle eeue, plekke en tye, ook die kerkverband.

2.8 Toerusting

Toerusting is belangrik, maar nie net van ampsdraers nie, ook van lidmate.

Maar dan moet ons goed onthou: die Bybel en belydenis se groot manier van toerusting is Woordverkondiging (preek, katkisasie, huisbesoek ... en huisgodsdiens).

Kursusse is belangrik, maar as die Woordverkondiging (preek, katkisasie, huisbesoek en huisgodsdiens) nie ***regkom*** en ***tot sy reg kom*** nie, is al die ander dinge net vrugtelose plak-werk.

B. Eenheid

Eiewillige godsdiens (kelkies, vrou in die amp) bring die eenheid in gedrang. 'n Verskeidenheid wat neerkom op afdwaling van Christus, bring nie eenheid nie.

Ons sal moet weet: eenheid lê in Christus, in sy verlossing, in sy Woord.

Eenheid word gebore waar 'n kerk **omkeer** (**hom bekeer**) na Christus en sy Woord. **Omkeer** en **eenheid** hang dus saam.